



Besoek www.litnet.co.za vir gratis skole-inhoud.

Graad 4

Afrikaans Huistaal

November 2026

Hardoplees

Storie: *Ouma se pantoffels*

Luister en praat

Artikel: *Die Woordfees: plek waar woorde, talent, kuns en kultuur gedeel word*

Toespraak: *Boeke / die verhoog neem ons na ander wêrelde*

Begriplees

Onderhoud: *Onderhoud met sanger wat kalklig vir plaaslewe verruil*

Legende: *Die houtkapper red die prinses se lewe*

Dagboek: *Vakansie met aangename herinneringe*

Nuusberig: *Vinnige optrede van seun red hondjie se lewe*

Gedigte: *Reën oor die berge*

Voël

In die begin

Die mot en die kers

Kitta se kalf

Taal

Biografie: *Tonie Swanepoel: van plaasvoorman tot vooruitstrewende boer*

Skryf: Verhalende opstel
Beskrywende opstel
Vriendskaplike brief
Verslag

Puntetoekenning

Hardoplees: Storie /15

Luister en praat: Artikel en toespraak /15

Begriplees: Onderhoud /5

Legende /5

Dagboekinskrywing /5

Nuusberig /5

Gedigte /5

Totaal: /25

Taal: Biografie /15

Skryf: /30

GROOT TOTAAL: /100

Graad 4

Afrikaans Huistaal

November 2026

Vraestel 1

Afdeling A

Hardoplees

Storie: Ouma en haar pantoffels

- 1 Kon Ouma nie maar soos al die ander oumas gewees het nie? 'n Ouma soos al die ander oumas wat truië brei, beskuit bak, naaldwerk doen en slaapstories lees. Waar ander kinders se oumas hul gewoonlik met lekkergoed bederf, bederf my ouma haarself met die duurste grimering. Ons kinders weet nie wat dit is om 'n pakkie lekkers onder ons kopkussings as verrassing aan te tref nie. Ons weet ook nie wat dit is om 'n ouma te hê wat saam met ons wegkruipertjie speel nie.
- 2 Sy dra nie soos al die ander oumas rokke wat by hul ouderdom pas nie. Nee, dit moet mos nou mini's wees. Die spatare op haar bene is duidelik sigbaar. Amper soos paaie op 'n landkaart. Sy dra ook net hoëhakskoene. Sy moet haar omtrent op haar hoë stelte balanseer. Ek wonder wanneer Ouma gaan besef dat sy nie meer soos 'n jong tiener of jong dame kan aantrek nie. Haar kleredrag pas glad nie by haar ouderdom nie.
- 3 Een Sondagoggend het Ouma saam met ons kerk toe gegaan. Dis dan juis hierdie Sondagoggend wat ek besef het dat Ouma se gedagtes nie meer is wat dit moet wees nie. Pa het voorgeloop, gevolg deur Ma en Ouma. Ek en my suster het hulle gevolg. Dis eers toe dat ek merk dat Ouma besonder maklik stap. Sy hoef haar nie heeltyd te balanseer nie. En wat sal ek sien? Ouma het nog haar pantoffels aan! Heel gemaklik loop sy die gangetjie af. Ek het nie geweet of ek verleë moes voel of verlig moes wees, aangesien ek nie hoef te vrees dat Ouma enige oomblik haar enkel kon verstuit nie. Miskien 'n bietjie van elk.
- 4 Na kerk deel Ouma ons mee dat sy nou eers besef hoe gemaklik 'n mens loop as jy jou nie op hoë stelte hoef te balanseer nie. Sy deel ons mee dat sy voortaan net gemaklike skoene gaan dra. Skoene met lae hakke en skoene wat vir haar ouderdomsgroep bedoel is. Dat 'n mens nou so lank moet neem om tot die besef te kom dat skoene met lae hakke veel gemakliker is om te dra. Sy deel ons ook mee dat mini's in die toekoms taboe sal wees. Seker nog die mees welkome woorde wat ek ooit gehoor het! Geen mini's en daarom geen spatare nie. Net 'n ouma wat normaal aantrek en vir wie jy nie skaam hoef te kry nie. Dan haar onverwagse woorde waar sy ons meedeel dat 'n mens moet besef dat 'n mens ouer word en dat 'n ouma meer tyd saam met haar kleinkinders moet deurbring en minder tyd in die winkels. Wie het ooit kon dink dat hierdie woorde ooit uit Ouma se mond sou kom!
- 5 Groot was my verbasing toe ek vroeg die volgende oggend vir Ouma in die kombuis aantref. Sy is besig om deeg te knie. My ouma wat 'n voorskoot dra en beskuit bak? Dis nie hoe ek vir Ouma ken nie. Dis mos die ouma na wie ek nog altyd gesmag het!

Hardoplees: Ouma en haar pantoffels

Rubriek

Vloeiend lees en pousering:	1	2	3	4	5
Stemtoon, stembuiging en beklemtoning:	1	2	3	4	5
Hoorbaarheid en uitspraak:	1	2	3	4	5

Totaal: 15

/15

Vraestel 1

Afdeling B

Luister en praat

Artikel: Die Woordfees: die plek waar woorde, talent, kuns en kultuur gedeel word

- 1 Die Toyota Stellenbosch Woordfees word deur almal wat 'n liefde vir die taal, boeke en die kuns het, bygewoon. Mense van verskillende kultuurgroepe en agtergronde besoek die Woordfees. Skrywers, akteurs, musikante, dansers en kunstenaars word die geleentheid gebied om hul talent en ervarings met ander te deel.
- 2 Van die oomblik wat mens daar aankom, word jy omring deur boeke, stories, toneel- en musiekopvoerings, dansitems en kreatiewe kunsuitstallings. Verskillende aktiwiteite vind op verskeie plekke in Stellenbosch plaas. Die Woordfees bied 'n verskeidenheid aktiwiteite waaraan enige ouderdomsgroep kan deelneem. Almal is welkom om deel te neem en hul talent met ander te deel!
- 3 Boeke en skrywers vorm 'n belangrike deel van die Woordfees. Besoekers ontmoet bekende en opkomende skrywers en voer gesprekke met hulle. Hulle deel hul boeke, talent en hulself met die publiek. Die skrywer van 'n boek mag uittreksels uit die boek voorlees, meer omtrent die storie vertel of soms ook die onderskeie karakters bespreek. So werp hy meer lig op die karakter se emosies en optrede. Sodoende leer ons ook meer oor hoe die skrywer dink en voel en hoe hulle hul denke op papier vaslê.
- 4 Enigeen kan aan 'n item by die Woordfees deelneem. Ook leerders kan deelneem. Hulle kan onder andere aan redenaarskompetisies en die Spelfees deelneem.
- 5 Verskillende toneelopvoerings word tydens die Woordfees aangebied. Tydens sommige tonele van 'n toneelopvoering sal die agtergrondmusiek bydra tot die atmosfeer van die onderskeie tonele. By musiekopvoerings word verskillende musiekinstrumente bespeel. Tydens dansitems maak die dansers van beweging, gesigsuitdrukkinge en liggaamstaal gebruik om stories uit te beeld. By die kunsuitstallings word die kreatiewe werke van kunstenaars bewonder. Die talent van kreatiwiteit word hier raakgesien en met ander gedeel.
- 6 Gedurende die Woordfees word Stellenbosch 'n plek waar woorde op papier, stories, musiek, dans en kreatiewe kuns in helder kleure lewe en betekenis kry. Dit maak die Woordfees spesiaal en lok mense van alle kulture en agtergronde. Hier word kultuur en talent gedeel en waardeer.
- 7 Die Woordfees is meer as net 'n fees vol boeke, stories, toneelspel, musiek, dans en kuns. Dit is ook 'n spesiale plek waar mense bymekaar kom, nuwe vriendskappe maak en goeie verhoudings opbou. Mense van verskillende kulture en agtergronde kry die kans om

mekaar beter te leer ken en van mekaar se tale, tradisies en gewoontes te leer. Mense leer om mekaar se kulture te respekteer. Hier kan mense saam kuier en mekaar beter leer verstaan. Dit bring mense nader aan mekaar en skep 'n gevoel van samehorigheid.

- 8 Die Woordfees is 'n plek waar woorde, talent, musiek, dans en kuns gedeel word en nuwe vriendskappe gemaak word.

Artikel: Die Woordfees: die plek waar woorde, talent, kuns en kultuur gedeel word

1	Wie woon almal die Woordfees by?	/1
2	Waar vind die Woordfees plaas?	/1
3	Hoe weet ons dat die Woordfees nie net in een lokaal of op een terrein plaasvind nie?	/1
4	Noem op slegs EEN manier hoe skrywers hul boeke by die Woordfees bekendstel.	/1
5	Gee 'n voorbeeld waar die <u>emosies</u> van 'n karakter sy <u>optrede</u> kan beïnvloed.	/1
6	Hoe help die skrywer se boek dat ons die skrywer beter kan verstaan?	/1
7	Noem slegs EEN <u>item</u> waaraan kinders kan deelneem.	/1
8	Waarom word daar in sommige tonele van musiek gebruik gemaak?	/1
9	Noem slegs EEN <u>musiekinstrument</u> wat tydens musiekopvoerings bespeel mag word.	/1
10	Hoe vertel dansers 'n <u>storie</u> tydens 'n dansitem?	/1
11	Waarom is die Woordfees volgens paragraaf 6 spesiaal?	/1
12	Hoe kan mense van verskillende kulture goeie verhoudinge met mekaar opbou?	/1
13	Wat beteken dit om jou talent met iemand te deel?	/1
14	Wat verstaan jy onder "opkomende skrywers"?	/1
15	Waarom vind die Woordfees plaas?	/1
Totaal 15		15

Lewer 'n toespraak oor hoe boeke / die verhoog ons na ander wêreldes neem.

Rubriek

Vloeiend praat, inhoud en taalgebruik:	1	2	3	4	5
Stemtoon, stembuiging en beklemtoning;	1	2	3	4	5
Gesigsuitdrukkinge, oogkontak en uitspraak:	1	2	3	4	5

Totaal: 15 **/15**

GROOT TOTAAL: 30÷2=15 **15**

Vraestel 2

Afdeling A

Begriplees

1 Onderhoud: Onderhoud met sanger wat kalklig vir plaaslewe verruil

Hier waar hulle in die televisiekamer sit, is Daan Fouché van plan om uit te vind waarom Jan de Wet die kalklig vir die plaaslewe verruil het.

Daan: Ek is 'n groot aanhanger van jou musiek. Jy het gereeld met die een toekenning na die ander weggestap. Watter liedjie lê jou die naaste aan die hart en hoekom?

Jan: *(sonder om te huiwer)* Beslis “Neem my na vrede”. Ons almal smag na vrede. Sonder gelukkige huislike omstandighede en vreugde wat jou werk jou verskaf, het jy geen vrede nie. As gesin moet ons mekaar respekteer en liefde teenoor mekaar bewys. Ons moet gelukkig in ons werk wees en dit met oorgawe doen. Dán sal ons vrede hê.

Daan: Ek het al gewonder waarom jou stem na 10 jaar stil geword het. Wat het jou laat besluit om eerder te kom boer?

Jan: My liefde vir die plaaslewe en om aan my pa se wens te voldoen om die plaas in die familie te hou. Dit verskaf my vreugde en vrede. As gesin sal ons dit ook geniet om op die plaas te woon, aangesien ons almal die plaaslewe bo die stadslewe verkies. Ek besef nou eers hoeveel tyd saam met my gesin verlore gegaan het as ek gaan toer het. Nou kan ek meer tyd saam met my vrou en seuns deurbring. Daar is niks wat my meer genot as dit verskaf nie. Ek het dit baie geniet om op te tree en 'n boodskap met elke liedjie aan die gehoor oor te dra, maar ek moet sê ek sien uit om te boer. Een keer 'n boerseun, altyd 'n boerseun. Ek wil hê my seuns moet ook die voorreg hê om soos ek op die plaas en in die platteland groot te word. Die koshuislewe doen my seuns in elk geval net goed. Dis juis hier in die koshuis waar hulle leer om selfstandig te wees en sosiaal met ander te verkeer.

Daan: Wat mis jy die meeste van jou sangloopbaan?

Jan: Die mense en hulle omgee. Hulle het gereeld na my gekom en my bedank vir die boodskap wat 'n liedjie vir hom of haar oorgedra het. Aangesien ek my eie liedjies skryf, het ek altyd gesorg dat my liedjies 'n boodskap aan die gehoor moes oordra. Ek mis ook die kuiers om die braaivleisvure by die onderskeie feeste. Ons Suid-Afrikaners kuier mos maar die lekkerste om 'n braaivleisvuur!

Jan de Wet is beslis iemand wat net vrede in sy lewe soek. Hy is beslis ook 'n gesinsman.

1.1 Noem slegs EEN rede waarom Jan de Wet sy sangloopbaan vir die plaaslewe opgegee het.

(1)

- | | | |
|------------------|--|-----------|
| 1.2 | Watter <u>emosie</u> het hy ervaar as hy tyd saam met sy gesin deurbring? | (1) |
| 1.3 | Watter <u>voordeel</u> het die koshuislewe vir sy seuns ingehou? | (1) |
| 1.4 | Waarom sou jy sê dat Jan de Wet 'n sosiale mens was? | (1) |
| 1.5 | Waarom sou jy sê dat bostaande leesteks 'n voorbeeld van 'n <u>onderhoud</u> is? | (1) |
| Totaal: 5 | | /5 |

2 Legende: Die houtkapper red die prinses se lewe

- 1 Hoewel die koning van Griekeland wou hê dat sy dogter eendag slegs met 'n prins moes trou, het sy oë vir net een man gehad. Dit was die houtkapper. Die koning het haar verbied om met die houtkapper te praat. "Die houtkapper sal jou nooit gelukkig kan maak nie. Hy wil nie met jou trou omdat hy jou liefhet nie, maar slegs oor jou geld. Ek is seker jy wil nie eendag in die woud in 'n klein, eenvoudige huisie bly nie. Hy is nie ryk nie en hy is te eenvoudig," het die koning neerhalend gesê.

- 2 Hoewel haar pa haar belet het om die houtkapper te sien, het hulle mekaar gereeld in die woud ontmoet. Dan het hulle na sy eenvoudige houthuisie gegaan en daar gekuier. Dis juis hier by sy eenvoudige huisie waar die prinses die gelukkigste was. Al die weelde waaraan sy gewoond was, het haar nie naastenby soveel geluk besorg as die kosbare oomblikke by die houtkapper in sy eenvoudige huisie nie.

- 3 Eendag, terwyl die prinses op pad was na die houtkapper, het 'n rower haar aangeval. Hy het haar gegryp, haar op die grond neergegooi en haar beveel om haar hangertjie aan hom te oorhandig. Met bewende hande het sy die hangertjie afgehaal. Hy het dit gegryp en hom uit die voete gemaak. Die prinses het opgestaan en skrikbevange na die houtkapper se huis gegaan. Sy het hom van die rower vertel. Hy het haar die versekering gegee dat hy sal sorg dat sy weer haar hangertjie terugkry. Hy het geweet waar die rower saans in 'n tent langs die rivier geslaap het. Daardie nag het hy en twee van sy vriende na die rower se tent gegaan. Hulle het hom gegryp en gedwing om die gesteelde hangertjie terug te gee.

- 4 Die rower het hom voorgeneem om die prinses dood te maak. Hy het die volgende dag gewag dat sy haar opwagting in die woud moes maak. Hy het haar gegryp en 'n mes teen haar keel gedruk. Aangesien die houtkapper nie ver van hulle af was nie, het hy haar hoor gil toe die rower haar om die nek gryp. Hy het in die rigting van die gil gehardloop en was binne enkele oomblikke op die toneel. Hy het die rower van agter bekruipt, die mes by hom afgeneem en hom beveel om te gaan.

- 5 Nadat die prinses die koning van die voorval vertel het, het hy besef dat die houtkapper sy dogter opreg liefhet. Hy het die houtkapper ontbied en sy toestemming gegee dat hy met sy dogter mag trou. Hy het nie meer op die houtkapper neergesien nie, maar hom eerder as 'n held beskou. Hy het immers sy dogter se lewe gered! Hy sou dan ook by die koning oorneem as hy eendag nie meer koning is nie.

- 2.1 Oor watter *onaanvaarbare* karaktereienskap beskik die koning in paragraaf 1? (1)
- 2.2 Watter emosie dink jy het die prinses in paragrawe 3 & 4 ervaar? (1)
- 2.3 Dui die ruimte in paragraaf 4 aan. (1)
- 2.4 Waar bereik hierdie legende sy hoogtepunt / klimaks? Bespreek. (1)
- 2.5 By watter karakter vind karakterontwikkeling plaas? Motiveer jou antwoord. (1)

Totaal: 5

/5

3 Dagboekinskrywing: Vakansie met aangename herinneringe

Woensdag 4 Maart 2026

- 1 Pa was nog nooit haastig om sy eindbestemming te bereik nie. Hy het altyd gesê dat die vakansie by die huis begin. Pa het 'n groot liefde vir die argitektuur van kerke. Gevolglik het ons by elke dorp van die N1 afgedraai, op soek na die kerk.
- 2 Uiteindelik het ons Struisbaai binnegery! Die soutreuk van die see en die brekende branders het ons vriendelik gegroet. Dit is 'n volmaakte dag. Geen sterk wind en geen seeperdjies op die see nie. Net die blou watermassa wat eindelijk met die horison kennis maak.

Saterdag 7 Maart 2026

- 3 Ons is vanoggend reeds vroeg af strand toe. Dit was windstil en daar was nie 'n wolk in die lug te bespeur nie. Die ideale weer vir enige vakansieganger. Ek het die see tegemoet gehardloop en die een brander na die ander aangedurf. Ek het in die branders geduik en in die skuimmassa van die brekende branders verdwyn. Terwyl ek geswem het, het my ma onder die sambreel lê en boek lees. Iets wat ek natuurlik glad nie verstaan nie. 'n Mens kom immers see toe om te swem.

Woensdag 11 Maart 2026

- 4 Pa en Boetman het vroegoggend gaan hengel, vol selfvertroue en groot verwagtinge. Met visstokke oor die skouers en aas in 'n houer, het hulle rotse toe gestap. Skaars het ek en Ma van die strand af gekom, of Pa en Ouboet het by die chalet aangekom. Nie so opgewonde en spraaksaam soos vanoggend nie. Vanoggend het hulle gespog dat hulle met 'n houer vol vis sou terugkeer. Nou moes ons hoor dat hulle eintlik slegs vir die ontspanning gaan visvang het en dat 'n vis maar net 'n bonus sou wees.

Saterdag 14 Maart 2026

- 5 Die laaste dag van die vakansie het aangebreek. Ek het reeds vroeg vanoggend die skuimende branders vir oulaas aangedurf. Kompleet of ek hulle gaan groet het. Ek het nog 'n laaste keer in die branders geduik en die soutsmaak in my mond geproe.
- 6 Ek het behoorlik elke oomblik van hierdie vakansie ingedrink. Watter aangename oomblikke kan ek net nie huis toe neem nie!

- 3.1 Reken jy die skrywer van hierdie dagboek het die vakansie geniet? Motiveer jou antwoord. (1)
- 3.2 Watter tipe persoonsverteller tree in bostaande dagboek op?

	Motiveer jou antwoord.	(1)
3.3	Waarom het die skrywer die onderskeie <u>datums</u> aangeteken?	(1)
3.4	Waarom is die <u>gebeure</u> in hierdie dagboek in die <u>verlede tyd</u> geskryf?	(1)
3.5	Wat is die <u>hoofdoel</u> van enige dagboek?	(1)
	Totaal: 5	/5

4 Nuusberig: Vinnige optrede van seun red hondjie se lewe

Pieter Spies

Die Jeugblad, 11 Julie 2026

- 1 **KROONSTAD** – Die vinnige optrede van Marco Nel, 'n tienjarige seun, het Maandagoggend 10 Julie daartoe gelei dat 'n hondjie uit 'n brandende huis gered is.
- 2 Terwyl Marco Nel bushalte toe gestap het, het hy rook geruik. Hy het gesien hoe rook by dokter Botha se huisvensters uitborrel. Dokter Botha was vir 'n noodoperasie uitgeroep en was dus nie tuis nie. Hy was nog nie getroud nie. Marco het gemerk dat die rookwalms al dikker word.
- 3 Marco het die brandweer dadelik in kennis gestel. Terwyl hy op sy selfoon met die brandweer praat, het hy in die rigting van die huis gestap. Skielik het hy die sagte, benoude geblaf van 'n Yorkie gehoor. Die hondjie was binne-in die huis vasgekeer.
- 4 Tien minute later het die brandweer met loeiende sirenes opgedaag. Die brandweermanne het dadelik die brandslange uitgerol. Hulle het die brand dadelik onder beheer probeer bring. Nadat die brand geblus is, het die brandweermanne die huis binnegegaan om seker te maak dat niemand in die brand vasgekeer was nie. Een van die brandweermanne het Max, die Yorkie, onder die kombuistafel gekry. Hy het die bewende en vreesbevange hondjie versigtig opgetel. Gelukkig was die hondjie ongedeerd.
- 5 Dokter Botha het sy verskyning gemaak nét toe die brandweerman met die Yorkie, teen sy bors vasgedruk, by die voordeur uitstap. Die dokter het nader gestap en die brandweermanne bedank, omdat hulle sy hondjie gered het.
- 6 “Ek is dankbaar, omdat julle die brand so gou kon blus, maar die dankbaarste dat my hondjie niks oorgekom het nie. Hy is die middelpunt van my lewe. Hy regeer my lewe.”
- 7 Daarna het die dokter na Marco gestap en hom vir sy vinnige optrede bedank. “Oom Dokter, ek is maar ook net te bly dat die Yorkie niks oorgekom het nie. Hy moes so hulpeloos en bang gevoel het,” het Marco gesê.
- 8 Die brandweerhoof het ook vir Marco geloof vir sy vinnige optrede. Hy het verduidelik dat Marco die regte ding gedoen het deur die brandweer se hulp te ontbied en nie self die brand probeer blus het nie.
- 9 Die vinnige optrede van hierdie seun en die vinnige reaksie van die brandweer het die dokter sy hondjie gespaar.

- 4.1 Waarom reken jy dit was die regte besluit om die brandweer se hulp in te roep? (1)
- 4.2 Watter les leer hierdie koerantberig ons? (1)
- 4.3 Hoe hou die inhoud en die opskrif verband met mekaar? (1)
- 4.4 Waarom sou jy sê dat bostaande koerantberig nuuswaardig is? (1)
- 4.5 Waarom reken jy was die verslaggewer van bostaande koerantberig neutraal? (1)

Totaal: 5 /5

5 Gedigte

- 5.1 Waarom word woordherhaling en alliterasie in versreël 2 van die onderstaande strofe uit “Reën oor die berge” aangetref?

“Hoor hoe ruis dit deur die klowe,	1	
druppels, druppels nat genot,	2	
kyk hoe dans hul in die plassies,	3	
huppel, trippel skoon verspot.”	4	<i>Piet Swanepoel</i>

- 5.2 Watter *effek* word verkry deur die enjambement by versreëls 1 & 2 in die onderstaande strofe uit “Voël” aan te bring?

“Die vlerke wat eers hoog en blink	1	
gestyg het in die môreson	2	
lê sonder vere en effens stink.”	3	<i>R.K. Belcher</i>

- 5.3 Watter vorm van beeldspraak tref ons in die onderstaande strofe uit “in die begin” aan? Motiveer jou antwoord.

“maar toe raak die verkleurmannetjie	1	
verveeld – benewens	2	
die fluisterende boom was daar niemand om mee te	3	
praat nie	4	<i>Antjie Krog</i>

- 5.4 Wat het met die mot in versreël 4 in die onderstaande strofe uit “Die mot en die kers” gebeur, aangesien hy te naby aan die vlam gevlieg het?

“Die wieletjie draai ál groter genot:		
en die lig en die gloed word ál groter genot:	1	
en die vellings word nouer ál rondom die as –	2	
en die end van die wiel is die as van die mot.”	3	<i>C.J. Langenhoven</i>

- 5.5 Dui die klanknabootsende woord in die onderstaande strofe uit “Kitta se kalf” aan.

“Een môre toe die wind buite loei	1	
begin ons soek na Kitta koei	2	
sy steek haar nuwe kalfie weg	3	
want vir haar voel dit heeltemal	4	
reg.”	5	<i>Marita van Aswegen</i>

Totaal: 5

/5

GROOT TOTAAL: 25

/25

Vraestel 2

Afdeling B

Taal

Biografie: Tonie Swanepoel: van plaasvoorman tot vooruitstrewende boer

- 1 Tonie Swanepoel het in 2010 aan die Hoërskool Sentraal in Bloemfontein 1
gematrikuleer. Aangesien sy ouers dit nie breed gehad het nie, moes hy direk na skool 2
gaan werk. Daar was nie geld om verder te gaan studeer nie. 3
- 2 Gevollik het hy by meneer Tinus Burger, 'n welgestelde boer in die Bothaville-distrik, 4
vir 'n werk gaan aanklop. Die boer het ingestem om hom as voorman op sy plaas in 5
diens te neem. Aangesien hy feitlik geen uitgawes gehad het nie, het hy elke sent 6
gespaar wat hy kon. Hy het toestemming van die boer ontvang om sy eie groente te 7
kweek. Nie lank nie, of hy het gereeld elke Saterdagoggend sy groente met die boer se 8
plaasbakkie mark toe geneem. Hy het redelik goed gedoen met sy groente. Na die 9
markdag het hy dan al fluitend teruggery plaas toe. Hy het ook rede gehad om 10
opgewonde te wees na so 'n markdag, aangesien sy bankrekening by die week beter 11
gelyk het. Hy het hom voorgeneem om nie in armoede oud te word nie. Tinus het 12
gesien dat Tonie hardwerkend is en 'n goeie besigheidsman is. Tinus het vir Tonie gesê 13
dat hy een van sy landerye by hom kan huur. Hy het die aanbod gretig aanvaar. Vier 14
jaar later het hy genoeg geld gehad om 10 hektaar grond by Tinus te koop. 15
- Tien jaar later was Tonie mede-eienaar van Boplaas en het hy ook in die wins van 16
elke oes gedeel. Iets wat hy dubbel en dwars verdien het. 17
- 1 **Skryf die onderwerp in die onderstreepte sin in reëls 1 & 2 neer.** (1)
2 **Skryf die besitlike voornaamwoord in reël 2 neer.** (1)
3 **Skryf die onderstreepte sin in reël 3 oor in die toekomende tyd.** (1)
4 **Skryf die onderstreepte sin in reëls 4 & 5 oor in die teenwoordige tyd.** (1)
5 **Skryf die meerlettergrepige woord in reël 6 neer waar ons 'n lang klank**
aantref. (1)
6 **Skryf die bywoord in reël 8 neer.** (1)
7 **Gee die trappe van vergelyking vir die onderstreepte woord in reël 9.** (1)
8 **Vorm 'n afgeleide werkwoord van die onderstreepte woord in reël 10.** (1)
9 **Skryf die sterk verlede deelwoord in reël 11 neer.** (1)
10 **Skryf die abstrakte selfstandige naamwoord in reël 12 neer.** (1)
11 **Skryf die saamgestelde woord in reël 13 neer.** (1)
12 **Skryf die onderstreepte sin in reëls 13 & 14 oor in die direkte rede.** (1)

- 13 Gee die intensiewe vorm vir die onderstreepte woord in reël 15. (1)
- 14 Waarom word die onderstreepte woord in reël 16 met 'n koppelteken geskryf? (1)
- 15 Wat beteken die onderstreepte idioom in reël 17? (1)
- Totaal: 15 /15**

Vraestel 3

Skryf

Skryf 'n verhalende opstel van 100–120 woorde oor EEN van die volgende.

Ek beland in die moeilikheid / Ek vind my troeteldier / Die dag toe alles verkeerd geloop het

Rubriek

Inleidende paragraaf, inhoud en slotparagraaf:	1	2	3	4	5
Oorsaak en gevolge:	1	2	3	4	5
Emosies, gebeure, klimaks en chronologie:	1	2	3	4	5
Beplanning, paragrafering en taalgebruik:	1	2	3	4	5

Of

Skryf 'n beskrywende opstel van 100–120 woorde oor EEN van die volgende.

By die mark / Die solder vol geheime / Oupa op die voorstoep / Die nuwe intrekkeers

Rubriek

Inleidende paragraaf, inhoud en slotparagraaf:	1	2	3	4	5
Beskrywende woorde en skryfstyl:	1	2	3	4	5
Beeldspraak, stylfigure en idioome:	1	2	3	4	5
Beplanning, paragrafering en taalgebruik:	1	2	3	4	5

Totaal: 20 /20

EN

Skryf 'n vriendskaplike brief van 60–80 woorde oor EEN van die volgende.

Vertel 'n maat van die geheime skatkis / 'n avontuur / jou jagtog / die soektog

Rubriek

Emosies, gebeure en beskrywing:	1	2	3	4	5
Informeel taalgebruik en uitleg:	1	2	3	4	5

Of

Skryf 'n verslag van 60–80 woorde oor EEN van die volgende.

Swak lees- en begripsvermoë / Kinders speel te min / Kinders kry te veel sakgeld

Rubriek

Stelling, motivering, inhoud en taalgebruik:

1 2 3 4 5

Bevinding en gevolgtrekking:

1 2 3 4 5

Totaal: 10

/10

GROOT TOTAAL: 30

/30

Memorandum

Luister en praat

November 2026

Artikel: Die Woordfees: die plek waar woorde, talent, kuns en kultuur gedeel word

- 1 Mense van verskillende **kultuurgroepe** en **agtergronde** wat 'n liefde vir die **taal**, **boeke** en die **kuns** het. /
Almal wat 'n liefde vir die **taal**, **boeke** en die **kuns** het.
- 2 Die Woordfees vind **in Stellenbosch** plaas.
- 3 Aangesien **verskillende aktiwiteite op verskeie plekke** in Stellenbosch plaasvind.
- 4 Hulle **lees uittreksels** daaruit voor. / Hulle **vertel** die **storie**. / Hulle **bespreek** die **karakters**. /
Hulle **bespreek** die **emosies** wat die karakters ervaar wat sy **optrede** bepaal.
- 5 As die karakter **kwaad** is, mag hy of sy byvoorbeeld **aggressief** optree.
(enige ander aanvaarbare emosie wat die optrede van die karakter bepaal)
- 6 Ons leer meer oor hoe die skrywer **dink** en **voel**. /
Deur sy boek te lees, verstaan ons beter hoe hy **dink**, **redeneer** en **voel**. /
Die **emosies** wat 'n karakter ervaar en sodoende sy **optrede** bepaal, leer ons meer van
hoe die skrywer **dink**, **redeneer** en **voel**.
- 7 Hulle neem aan **redenaarskompetisies** deel. / Hulle neem aan die **Spelfees** deel. /
Hulle tree as **akteurs** op.
- 8 Musiek word in sommige tonele gebruik om die **atmosfeer** van die toneel te beklemtoon. /
Dit beklemtoon die **emosies** en **optredes** van die onderskeie karakters.
- 9 Die **kitaar**. **(enige ander musiekinstrument)**
- 10 Dansers vertel 'n storie deur hul **bewegings**, **gesigsuitdrukings** en **liggaamstaal**.
- 11 **Boeke**, **toneelopvoerings**, **dansitems** en **kreatiewe kunswerke** lok mense van alle **kulture** en **agtergronde**. /
Hier kry **woorde op papier**, **stories**, **musiek**, **dans** en **kreatiewe kunswerke** **lewe** en **betekenis** en lok mense van alle **kulture** en **agtergronde**.
- 12 Deur **vriende te maak** en mekaar se **kultuur te verstaan** en **respekteer**.
- 13 Om vir iemand te wys waarin jy goed is. /
Om vir mense te wys wat jy goed kan doen.
- 14 Dis **nuwe skrywers** wat hul stories met ons deel. /
Dis skrywers wat **nog bekend moet word**.

- 15 Skrywers, akteurs, musikante, dansers en kunstenaars wys oor watter talent hulle beskik en deel dit met ander. /
Skrywers stal hul boeke uit, akteurs tree in opvoerings op, musiekopvoerings word gehou, dansitems word gelewer en kunstenaars stal hul kreatiewe kunswerke uit en bevorder sodoende die taal, letterkunde, musiek, kuns en dans. /
Om die taal, letterkunde, musiek, kuns en kultuur te vier, te bevorder en aan mense bekend te stel en met hulle te deel.

Vraestel 2

Afdeling A

Leesbegrip

1 **Onderhoud:** Onderhoud met sanger wat kalklig vir plaaslewe verruil

- 1.1 Hy wou sorg dat die familieplaas vir die nageslag bewaar word. /
Hy wou sorg dat die plaas in die familie bly. /
Hy wou aan sy pa se wens voldoen dat die plaas nie uit die familie moes gaan nie. /
Hy het 'n liefde vir boerdery gehad. /
Dit het hom vreugde verskaf om te boer. /
Hulle familie het die plaaslewe bo die gejaagde stadslewe verkies. /
Hulle familie was gelukkiger op die plaas as in die stad. /
Hy wou weggom van die gejaagde stadslewe en 'n rustiger lewe lei.
Hy sou voortaan meer tyd saam met sy familie kon deurbring. /
Hy wou hê dat sy kinders, net soos hy, op die plaas grootword en in 'n plattelandse skool hul onderrig ontvang. (slegs EEN)
- 1.2 Die emosie van genot.
- 1.3 Hulle het geleer om selfstandig te wees en sosiaal te verkeer.
- 1.4 Hy het daarvan gehou om na sy optredes te braai en te kuier. /
Hy het daarvan gehou om na sy optredes om die braaivleisvuur saam met ander mense te kuier.
- 1.5 Vrae word gevra en dan word hierdie vrae met toepaslike antwoorde beantwoord.

2 **Legende:** Die houtkapper red die prinses se lewe

- 2.1 Hy was hoogmoedig. / Hy het gereken dat hy beter as ander is. / Hy het op ander neergesien.
- 2.2 Die emosie van vrees.
- 2.3 Dit is in die woud.
- 2.4 Dit bereik sy klimaks waar die rower die mes teen die prinses se keel druk, aangesien die leser nuuskierig is wat volgende gaan gebeur.
- 2.5 By die koning.
Aanvanklik het hy op die houtkapper neergesien, maar teen die einde het hy hom as 'n held beskou. /
Aanvanklik het hy gereken dat die houtkapper nie sy dogter liefhet nie, maar slegs oor haar geld met haar wou trou.

Aan die einde het hy besef dat **die houtkapper sy dogter opreg liefhet**.

3 **Dagboek:** Die vakansie wat aangename herinneringe inhou

- 3.1 **Ja**. Hy het **elke oomblik** behoorlik **ingedrink**. /
Hy kan **aangename herinneringe huis toe neem**.
- 3.2 Die **eerstepersoonsverteller**, want die verteller wat na hom as “**ek**” verwys, het die gebeure ondervind. /
Hier word van die **voornaamwoord “ek”** gebruik gemaak.
- 3.3 Om aan te toon **watter gebeure wanneer** plaasgevind het.
- 3.4 Die gebeure kan nie **opgeteken** word, alvorens dit nie reeds **plaasgevind** het nie. /
Die gebeure moes eers **plaasgevind** het, alvorens hulle **opgeteken** kon word.
- 3.5 Om **persoonlike** ervarings, **gedagtes** en **emosies** neer te skryf en te bewaar.

4 **Nuusberig:** Vinnige optrede red hondjie se lewe

- 4.1 Aangesien die brandweer oor die **korrekte toerusting** en **kennis** beskik om ’n brand te blus.
- 4.2 Tree **vinnig** en **verantwoordelik** op in tye van gevaar. / Soek hulp by **professionele mense**.
- 4.3 Terwyl daar in die **opskrif** slegs **bondig aangedui** word dat die vinnige optrede van ’n seun gelei het tot die redding van ’n hondjie se lewe, word die optrede van die seun en die hondjie wat gered word, **breedvoerig** in die **inhoud beskryf**.
- 4.4 Die **gebeure** wat plaasgevind het, is op **feite** geskoei.
- 4.5 Hy het hom slegs by die **feite** gehou en **nie** sy eie **mening** gegee **nie**. /
Hy het hom slegs by die **feite** gehou en **nie** daarop **uitgebrei** of van sy **verbeelding** gebruik gemaak **nie**.

5 **Gedigte**

- 5.1 **Reën oor die berge**
Om klem te lê op die **reën** en die vrolike **ritmiese beweging** daarvan. /
Om daarop te dui dat die **reëndruppels aanhoudend** val.
- 5.2 **Voël**
Die effek van die **beweging** van die vlerke word verkry.
- 5.3 **in die begin**
Ons tref **personifikasie** aan, aangesien hier van **bome wat fluister**, gepraat word.

5.4 **Die mot en die kers**

Hy het **doodgebrand** in die kersvlam.

5.5 **Kitta se kalf**

“Een môre toe die wind buite **loei**
begin ons soek na Kitta koei
sy steek haar nuwe kalfie weg
want vir haar voel dit heeltemal
reg.”

Vraestel 2

Afdeling B

Taal

Biografie: Tonie Swanepoel: van plaasvoorman tot vooruitstrewende boer

- 1 **Tonie Swanepoel** het in 2010 aan die Hoërskool Sentraal in Bloemfontein gematrikuleer.
2 Aangesien **sy** ouers dit nie breed gehad het nie, moes hy direk na skool gaan werk.
3 Daar sal nie geld wees om verder te gaan studeer nie.
4 Gevolglik gaan klop hy by meneer Tinus Burger, 'n welgestelde boer in die Bothaville-distrik, vir 'n werk aan.
5 **Aangesien** hy feitlik geen uitgawes gehad het nie, het hy elke sent gespaar wat hy kon.
6 Nie lank nie, of hy het **gereeld** elke Saterdagoggend sy groente met die boer se plaasbakkie mark toe geneem.

- | | | | |
|---|-----------------------|-------------------------|--------------------------|
| 7 | <u>Stellende trap</u> | <u>Vergrotende trap</u> | <u>Oortreffende trap</u> |
| | goed | beter | beste |

- | | | |
|---|------------------|----------------------------|
| 8 | <u>Werkwoord</u> | <u>Afgeleide werkwoord</u> |
| | rede | redeneer |

- 9 Hy het ook rede gehad om so **opgewonde** te wees.
10 Hy het hom voorgeneem om nie in **armoede** oud te word nie.
11 Tonie was hardwerkend en 'n goeie **besigheidsman**.
12 Tinus het vir Tonie gesê: “Jy kan een van my landerye by my huur.”
13 Vier jaar later het hy **oorgenoeg** geld gehad om 10 hektaar grond by Tinus te koop.
14 'n **Koppelteken** word aangebring wanneer die **afleidingsmorfeem** op 'n **klinker** eindig en die **basiswoord** met 'n **klinker** begin, sodat die twee **klanke afsonderlik** uitgespreek word. / Indien die **afleidingsmorfeem** op 'n **klinker** sou eindig en die **basiswoord** met 'n **klinker** sou begin, word 'n **koppelteken** tussen die **afleidingsmorfeem** en die **basiswoord** aangebring, sodat die twee verskillende **klanke afsonderlik uitgespreek** kan word.
- 15 iets wat hy **deur en deur** verdien het. / iets wat hy **beslis** verdien het.

Naslaanbronne

Graad 4

November 2026

Storie: Ouma en haar pantoffels

Eugene van der Westhuizen

Artikel: Die Woordfees: die plek waar woorde, talent, kuns en kultuur gedeel word

Toyota Stellenbosch Woordfees 2025: 'n onderhoud met Saartjie Botha

Naomi Meyer, Saartjie Botha

Toyota Stellenbosch Woordfees, 30 September 2025

<https://www.litnet.co.za>

Aangepas: Eugene van der Westhuizen

Onderhoud: Onderhoud met sanger wat kalklig vir plaaslewe verruil

Eugene van der Westhuizen

Legende: Die houtkapper red die prinses se lewe

Eugene van der Westhuizen

Dagboekinskrywing: Vakansie met aangename herinneringe

Eugene van der Westhuizen

Nuusberig: Vinnige optrede van seun red hondjie se lewe

Eugene van der Westhuizen

Biografie: Tonie Swanepoel: van plaasvoorman tot vooruitstrewende boer

Eugene van der Westhuizen

Gedigte

Reën oor die berge

Kroonsteen-reeks, Verse vir lekker lees

F. Viljoen, R. Lamprecht, H. Viljoen

Piet Swanepoel

Best Books, 2009

Voël

Kroonsteen-reeks, Verse vir lekker lees

F. Viljoen, R. Lamprecht, H. Viljoen

R.K. Belcher

Best Books, 2009

In die begin

Kroonsteen-reeks, Verse vir lekker lees

F. Viljoen, R. Lamprecht, H. Viljoen

Antjie Krog

Best Books, 2009

Die mot en die kers

Kroonsteen-reeks, Verse vir lekker lees

F. Viljoen, R. Lampbrecht, H. Viljoen

C.J. Langenhoven

Best Books, 2009

Kitta se kalf

Kroonsteen-reeks, Verse vir lekker lees

F. Viljoen, R. Lamprecht, H. Viljoen

Marita van Aswegen

Best Books, 2009